


**Professor Leo Barnard**  
**(1 Maart 1947 – 31 Maart 2009)**



Schalk Leopold (Leo) Barnard is op 1 Maart 1947 te Otjiwarongo in die destydse Suidwes-Afrika (vandag Namibië) gebore. Nadat hy aan die Hoërskool Otjiwarongo gematrikuleer het, het hy in 1968 'n B.A.-graad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS) verwerf, en die daaropvolgende jaar 'n nagraadse Hoër Onderwysdiploma. In 1972 het hy 'n Honneursgraad in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf. As deeltydse student aan die UOVS, het hy in 1976 'n M.A.-graad in Geskiedenis behaal, met 'n verhandeling getiteld “Interne wrywing in die Verenigde Party in die jare vyftig”, en in 1979 het hy sy doktorale proefskrif oor “Politieke oriëntasie in die Suid-Afrikaanse opposisie sedert 1958” aan die UOVS voltooi.

Leo was, nadat hy vanaf 1970 tot 1977 by hoërskoolonderrig betrokke was (Hoërskool Mariental, 1970-1971; Hoërskool Voortrekker, Bethlehem, 1972-1973; Hoërskool Dr. Viljoen, Bloemfontein, 1974-1977), vanaf 1978 aan die UOVS se

---

45      Doktor Nicol Stassen is die eienaar van Protea Boekhuis

departement Geskiedenis verbonde (eers as junior lektor, toe lektor vanaf 1980, senior lektor vanaf 1983, mede-professor vanaf 1987, en vol professor vanaf 1992). Hy het gou as 'n dinamiese dosent bekend geword – en met verloop van tyd ook as 'n besonder bekwame studieleier en promotor. Veertig Honneursstudente het hulle skripsies onder hom voltooi, en onder sy leiding het nie minder nie as 21 M.A.- en 18 doktorale studente hulle studies (oor 'n verskeidenheid temas) suksesvol voltooi, terwyl hy ook vir ongeveer 75 ander M.A.-studente lesings aangebied het. Vir al hierdie studente was hy 'n groot inspirasie, 'n motiveerder, en 'n ware akademiese leermeester. Verder was hy die eksterne eksaminator van ongeveer 50 honneurskripsies, 30 M.A.-verhandelinge en meer as 30 doktorale proefskrifte.

Op navorsingsgebied het Leo Barnard hom as een van slegs 'n handjievol militêre historici in Suid-Afrika onderskei. Hy het gehelp om militêre geskiedenis te populariseer, en dit deel van die akademiese hoofstroom debat te maak. Onder sy groot getal publikasies, tel talle verslae, nege bydraes tot die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek / Dictionary of South African biography*, sewe boeke (insluitende *Die Verenigde Party die groot eksperiment* as mede-outeur; *Vrystaatse Artillerie geskiedenis van 6 Veldregiment*; *Sir De Villiers Graaff* as mede-redakteur; en *Pantser in aksie ISDB 1933-1993*) en meer as 60 artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte. Danksy hierdie publikasies het sy navorsing 'n betekenisvolle en blywende bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie gelewer. Naas militêre geskiedenisemas, het hy ook onder meer oor onderwerpe wat met die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis en die grondkwessie verband hou, gepubliseer, en talle referate sowel in Suid-Afrika as in die buiteland gelewer. Sy grootste terugslag en teleurstelling was dat sy omvangryke manuskrip oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Lugmag nooit gepubliseer is nie, hoewel van die navorsing wat vir dié projek gedoen is, wel later in verskeie artikels neerslag gevind het.<sup>46</sup> En dan was daar die geskiedenisprojek oor die Universiteit van die (Oranje) Vrystaat<sup>47</sup> wat nie heeltemal verloop het soos wat hy dit beplan het nie, en waarvoor hy gevolglik ook nie werklik die erkenning ontvang het wat hom toegekomp het nie.

Leo het ook vir ander persone geleenthede geskep om in die openbare akademiese arena op te tree, waarvan die belangrikste geleentheid die Oktober 1999-internasionale konferensie ter herdenking van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog 100 jaar tevore was. Hierdie konferensie het aan die UOVS se departement Geskiedenis veel nasionale en internasionale blootstelling verleen. Dié konferensie is in Mei 2002 met 'n simposium opgevolg, waartydens die einde van die Anglo-Boereoorlog 100 jaar tevore in herinnering geroep is. Verder het Leo sedert 1994 as adjunk-redakteur op die redaksie van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis / Journal for Contemporary History* gedien en was hy vanaf 1998 tot 2007 die redakteur van dié geakkrediteerde akademiese tydskrif. Onder sy bekwame redakteurskap het 255 artikels in 23 uitgawes van die *Joernaal / Journal* verskyn, insluitende in 'n aantal spesiale uitgawes. Onder hierdie laasgenoemde uitgawes, tel twee wat die Anglo-

46 Sien die artikels oor die Suid-Afrikaanse Lugmag wat in die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis / Journal for Contemporary History* 31, 3, Desember 2006 en 34, 1, Februarie 2009 verskyn het

47 *Van sink tot sandsteen tot graniet: die eerste 100 jaar van die Universiteit van die Vrystaat* (Bloemfontein, 2006) en die Engelse weergawe *From grey to gold: the first 100 years of the University of the Free State* (Bloemfontein, 2006). Geen outeurs word op die titelbladsy vermeld nie

Boereoorlog (1899-1902) as oorkoepelende tema gehad het<sup>48</sup> en twee wat oor die sogenaamde Grensoorlog (1966-1989) gehandel het.<sup>49</sup>

Leo was vanaf 1997 tot 2008 hoof van die UOVS (later Universiteit van die Vystaat of UV) se departement Geskiedenis. Toe hy departementshoof geword het, het dit nie werklik goed met die departement gegaan nie, maar danksy sy inspirerende leierskap, organisatoriese vermoëns, voorbeeld en die talle inisiatiewe wat hy geloods het, het die departement se studentegetalle gegroei, is die departement se beeld uitgebou, en is die departement in meer as een opsig positief getransformeer. In breër fakulteits- en universiteitsverband, het hy deur die jare heen ook op talle komitees gedien, insluitende as lid van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (later Fakulteit Geesteswetenskappe) se fakulteitsbestuur en as bestuurslid, 1986-1998 (en later voorsitter, 1996-1998), van die bestuur van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG). Op nasionale vlak het hy ook die breër historiese gemeenskap gedien, onder meer as lid van talle vakverenigings, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Geskiedeniskommissie, bestuurslid van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en, vir 'n ruk, president van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging. Hy was ook erepresident van die South African Military History Commission en lid van die International Commission of Military History se argiefkommissie. Op die vlak van akademiese gemeenskapsdiens het hy onder meer by meer as 200 geleenthede as spreker by kultuurorganisasies, skole, studiegroepe en verenigings opgetree. Verder was hy betrokke by die kurrikulumkomitee van die nasionale departement van Onderwys en by Umalusi.

Presies 'n jaar nadat Leo Barnard op 31 Maart 2008 afgetree het, is hy op 31 Maart 2009 in die hospitaal te George oorlede. Hy het reeds etlike jare onder swak gesondheid gebuk gegaan (iets wat hy op Stoïsynse wyse hanteer het), maar is toe met kanker gediagnoseer en is na net meer as twee weke oorlede. Hy was ten tye van sy dood steeds die studieleier van 'n aantal nagraadse studente, en – as navorsingsgenoot van die UV se departement Geskiedenis – self ook nog besig met navorsing. Op vele vlakke en terreine het hy 'n prysenswaardige bydrae gelewer en 'n navolgingswaardige voorbeeld gestel. Verder was hy 'n joviale gasheer en 'n gewaardeerde gespreksgenoot wat oor 'n verskeidenheid temas onderhoudend kon gesels, insluitende sport – in besonder krieket. As veelsydige akademikus het hy hom onderskei en vir vele studente en kollegas tot aansporing en as rolmodel gedien. Sy nagedagtenis word geëer.<sup>50</sup> Leo word oorleef deur sy vrou (Renaldine), vier dogters en 'n kleinseun.

*André Wessels*<sup>51</sup>

---

48 Sien die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis / Journal for Contemporary History* 25, 2, Desember 2000 en 27, 2, Mei 2002

49 Sien die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis / Journal for Contemporary History* 31, 3, Desember 2006 (wat drie herdrukke beleef het; waarskynlik 'n eerste vir 'n akademiese tydskrif) en 34, 1, Februarie 2009 (waarvan Leo Barnard die gasredakteur was, maar wat eers na sy dood gepubliseer is)

50 Op aanbeveling van die nuwe redakteur, André Wessels, is in 2007, kort nadat Leo Barnard as redakteur van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis / Journal for Contemporary History* uitgetree het, besluit om 'n spesiale uitgawe aan hom (Leo) op te dra. Die Junie 2009-uitgawe, 34, 2, was reeds ver gevorder toe hy oorlede is, en dit word gevolglik postuum aan hom opgedra

51 Professor André Wessels het Leo Barnard sedert 1986 geken en hom in 2008 as hoof (voorsitter) van die departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, opgevolg